The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

Ornico
KNOW HOW. TO GROW

RAPPORT SAKE24 2016/05/01 Page: 4

AVE: 27341.12 (ZAR)

Verbod laat álmal verloor

Fikile Mbalula verlede jaar saam met die Springbokrugbyspan. | FOTO: DEAAN VIVIER

Elaine Swanepoel

Pogings om Suid-Afrika te verbied om internasionale sportgeleenthede aan te bied kan Suid-Afrika miljarde rande én hul aansien in internasionale sportkringe kos.

Fikile Mbalula, minister van sport en ontspanning, het die afgelope Maandag aangekondig dat rugby, krieket, atletiek en netbal voorlopig verbied word om internasionale toernooie aan te bied omdat hulle nie aan transformasieteikens voldoen het nie.

Suid-Afrika is 'n sterk mededinger om die Wêreldbekerrugbytoernooi in 2023 aan te bied. Die bodproses sluit volgende jaar.

"Maar selfs al hef Mbalula die strafreël op, sou Suid-Afrika se internasionale aansien dalk só versleg het weens die verbod dat ons nie eens oorweeg sal word as 'n gasheerland nie," sê Mmatati Ramawela, uitvoerende hoof van die Toerismesakeraad van Suid-Afrika (TBCSA).

Prof. Melville Saayman, direkteur van die navorsingseenheid Tourism Research in Economic Environs and Society (Trees) van die Noordwes-Universiteit, sê Suid-Afrika sal miljarde rande ryker wees as ons die Wêreldbekerrugby aanbied.

" 'n Sportbyeenkoms soos die Two Oceans- of die Comrades-marathon lewer tussen R200 miljoen en R400 miljoen op. Met die Wêreldbeker-sokkertoernooi in 2010 het die land tussen R700 miljoen en R800 miljoen gemaak. Die Wêreldbekerrugby sal heelwat meer inbring omdat ons reeds die stadions gebou het," sê hy.

Volgens die TBCSA was die ekonomiese bydrae van toerisme met 1995 se Wêreldbekerrugby sowat R8,9 miljard. Toerisme het ná die Wêreldbeker met 10% gestyg.

Saayman sê Mbalula se verbod sal 'n invloed op alle vlakke van die ekonomie hê. "Dis nie net toerisme wat baat vind by internasionale toernooie nie, maar dienste, landbou en selfs kleinsakeondernemings."

Ramawela sê internasionale sporttoernooie lok toeriste op lang termyn, omdat toernooibesoekers later weer die land saam met vriende en familie besoek.

Thys Bezuidenhout, voormalige voorsitter van die Suid-Afrikaanse Skolerugbyvereniging (SASRV), sê Mbalula se aankondiging Maandag was nie billik nie, aangesien hy nou wit én swart spelers van die blootstelling aan internasionale mededinging ontneem.